Laerskool Eligwa

H/v Conan Doyle en Lion Cachet
✉ 11 VANDERBIJLPARK 1900
☎ (016) 933-4774
E-pos: eligwa@mweb.co.za

8 April 2021

Geagte Ouers / Voogde

OMSENDBRIEF 5 VAN 2021

Graag bring ek die volgende sake onder u aandag:

1. PERSONEELSAKE

Ons verwelkom graag die volgende nuwe personeel by Laerskool Eligwa.
Me. Mariska Kuhn en Mev. Dianne Swart.
Baie geluk met die aanstelling en baie welkom by ons skool. Mag u sommer baie gelukkig wees en vinnig inskakel in ons gemeenskap.

2. AKADEMIE

GOEIE NUUS:

Vanaf 3 Mei sal **ALLE** leerlinge terugkeer skool toe. Ons het addisionele personeel wat ons gaan inhuur en het ook ekstra tafels aangekoop. Die leë lokale en die saal sal aangewend word om almal te akkomodeer. Die Covid-19 protokol sal steeds gehandhaaf word. Die rotasiestelsel wat ons tans gebruik, sal dus na die vakansie nie meer van toepassing wees nie. Leerlinge gebruik steeds dieselfde hekke om die terrein binne te kom en weer in die middae te verlaat. Die leerlinge sal vanaf 3 Mei 2021 die volgende tye in die middae huis toe gaan sodat daar nie 'n samedromming by die hekke is nie.

Gr. 1 – 12:45 hek 4
Gr. 2 – 13:00 hek 4
Gr. 3 – 13:15 hek 4
Gr. 4 – 13:45 hek 2
Gr. 5 – 13:40 hek 4
Gr. 6 – 13:45 hek 4
Gr. 7 – 13:45 hek 5

3. BEHEERLIGGAAMSVERKIESING

Hiermee word kennis gegee dat die **nominasies** van kandidate vir die verkiesing van **ses (6) ouerlede van die beheerliggaam** wel op 7 April 2021 afgehandel is. Aangesien die vereiste aantal ouers om 'n kworum te vorm nie teenwoordig was nie, kon 'n verkiesing nie plaasvind nie. Sien aangehegde brief vir al die inligting rakende die komende verkiesing op 14 April 2021 om 17:30 in die skoolsaal. Onthou u ID dokument.

2/...

4. SPORT

Die Laerskole in Vanderbijlpark, Sasolburg en Vereeniging het die volgende gemeenskaplike besluit geneem rakende skolesport teen die agtergrond van Covid-19.

MINISPORT: Daar sal geen minisport in 2021 wees nie.

ATLETIEK: Daar sal geen atletiek die res van die seisoen wees nie. Leerlinge wat die potensiaal het en moontlik kan kwalifiseer vir die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe word aangemoedig om by 'n klub aan te sluit.

RUGBY: [1] Die Laerskole Cravenweek en gepaardgaande toernooie is gekanseleer vir 2021. Die Valke Rugby Unie het derhalwe besluit dat geen ligawedstryde vir 2021 geskeduleer sal word nie. Daar sal dus geen rugby wees nie.

NETBAL: Gauteng Netbal het besluit om voort te gaan met O/12 en O/13 netbalproewe. Dit sal dus slegs hierdie twee spanne wees wat in die middae oefen om hulle voor te berei vir die komende proewe.

Bogenoemde besluite is geneem omrede dit baie moeilik sal wees om die Covid-19 protokol toe te pas indien skole mekaar oor en weer besoek vir wedstryde en ook gedurende oefening. Daar is wel besluit om te begin met hokkie en krieket. Meer inligting volg later.

5. KOEKVERKOPING

Die Graad RR/R en Graad 7-leerders hou koekverkoping op Vrydag, 9 April 2021. Baie dankie by voorbaat vir u ondersteuning in die verband.

6. SMS-KOMMUNIKASIE

Ons wil graag deur middel van hierdie kommunikasie-medium met u kommunikeer. Hierdie diens word gratis deur die skool aan u verskaf. Indien u tot dusver nie 'n sms ontvang het nie, moet u asseblief so gou as moontlik by die kantoor aanmeld om dit reg te stel. Ons beplan om ook in die toekoms meer van tegnologie gebruik te maak wanneer ons met u kommunikeer. Die gesinsdatavorm wat u elektronies via 'n sms ontvang het, is 'n voorbeeld van wat u in die toekoms kan verwag.

7. QR KODE

Ons beplan om ook nuusbriewe in die toekoms met 'n QR kode met u te kommunikeer. Dit sal die skool baie geld spaar t.o.v. papier en ink en dit sal ook verseker dat u die nuusbriewe ontvang. U kan dus sien hoe belangrik dit is dat ons u korrekte selfoonnommer het. Indien u nommer verander, bly dit u verantwoordelikheid om dit onder die skool se aandag te bring.

Ons sal tot en met skoolsluiting op 9 Julie 2021 steeds die nuusbrief vir u per hand stuur SAAM met die QR kode sodat u gewoond kan raak aan die idee.

Vanaf 26 Julie sal u slegs 'n sms ontvang dat die nuwe nuusbrief beskikbaar is, en is dit u verantwoordelikheid om dit te skandeer en uself te vergewis van die inhoud van die nuusbrief. U sal gedurende die 2de kwartaal 'n gelamineerde QR Kode ontvang wat u teen die yskas kan vasplak.

Groete

B.D Boshoff